

KOERSVAS


Jaargang 4 Uitgawe 89 17 Junie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Sentralisme en gemeente-sentries

In die laat negentiger jare van die vorige eeu was daar baie stemme in die NHKA wat opgegaan het en gewaarsku het teen gemeente-sentriese denke. Gemeentes is telkens daaraan herinner dat almal deel is van die NHKA. Op 'n manier was daar tog 'n poging om 'n balans te handhaaf. 'n Balans waar gemeentes as outonome entiteite bestaan het en waar gemeentes via die AKV en die ADV aandag geskenk het aan sake van gemeenskaplike belang en sake wat die breër gemeenskap raak. Kerkwees is verstaan as die wisselwerking tussen gemeentelike aktiwiteite en gesamentlike aktiwiteite.

Hierdie verstaan is deels gefasiliteer deur die Bybelvertalings wat ἐκκλησία met "gemeente" vertaal. Selfs Matteus 16:18 waar Christus stel dat Hy Sy kerk sal bou op die belydenis "U is die Christus", is ἐκκλησία vertaal met "gemeente". Strong se woordeboek stel: "G1577 ἐκκλησία *ekklēsia* ek-klay-see'-ah From a compound of G1537 and a derivative of G2564; a calling out, that is, (concretely) a popular meeting, especially a religious congregation (Jewish synagogue, or Christian community of members on earth or saints in heaven or both): - assembly, church.

Die betekenis van die woord is met ander woorde verskraal tot "gemeente". Die oorspronklike betekenis was meervoudig en het eintlik beteken dat ons in enige vertaling

van kerk of gemeente kan praat. Hierdie punt is belangrik om te onthou. Die GHG se verstaan van gemeentes as elkeen kerk en tegelyk gemeente (*ekklesia complete et incompleta*) word ondersteun deur die Griekse tekste. Die GHG se selfverstaan is gebou op die veronderstelling dat ons die ware voortsetting van die Voortrekkerkerk is.

Die NHKA het op vele terreine die "gebaande weë" verlaat. Die afskaffing van volkskerk as selfverstaansmodel, die aanvaarding van besluit 54/69, die inkoop in die bevrydingsteologie en die saamwerk aan die "16 Junie tot 16 Desember"-veldtog is enkele voorbeelde.

Dit blyk nou ook dat die NHKA in terme van haar ekklesiologie (kerkleer) besluit het om te breek met die verlede. Al is die besluit nêrens amptelik geneem nie, het die NHKA nou 'n sentralistiese kerkmodel, geskoei op die Roomse model, aangeneem. In hierdie model word uitsprake van die pous of sy gemagtigde gesante, verstaan as "die kerk wat spreek". Die leiding van die NHKA verstaan duidelik dat die sinodale aktiwiteite as kerkwees verstaan moet word. Woorde neergepen deur die voorsitter van die kommissie van die 70e AKV, maak hierdie nuwe teologie duidelik.

In Blitspos skryf dr WA Dreyer: *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wil die mense van Suid-Afrika, in besonder lidmate van die Hervormde Kerk, verseker van die Kerk se voorbidding. Ons doen 'n beroep op al die gemeentes en diakens van die Hervormde Kerk om lidmate in hul nood by te staan.*

Gemeentes word aangemoedig om betrokke te raak by hulpaksies in plaaslike gemeenskappe, of selfs by aksies van organisasies wat landwyd hulp verleen. Die Kommissie van die AKV is des te meer dankbaar dat lidmate te midde van beproewings steeds bydra om die plaaslike gemeentes in stand te hou. Tans dra meer as 90% van die gemeentes ook tot die instandhouding van sinodale aktiwiteite by. Dit getuig van geloof en 'n besondere toewyding aan die Kerk se werk.

Dit is duidelik dat lidmate moet weet dat Rome vir hulle bid. In die goeie ou dae sou gestel word dat die Kommissie van die AKV die hele Kerk roep tot voorbidding vir almal in beproewing. Ons moet seker bly wees dat die vername Kerk vir gemeentes en lidmate bid. Wat is lidmate en gemeentes? Die melkkoeie wat die “Kerk se werk finansier”?

Is die Kerk met ander woorde die 15 lede van die Kommissie van die AKV, die kantore van die sekretarisse, AIM, die administrasie en die vyf dosente? Is kerk dan 'n groep van ongeveer 50? Dan is die 144 000 nog lank nie vol nie! Bestaan die Kerk eers daar waar sinodale aktiwiteite plaasvind?

Toe “Kerk” nog reg verstaan is in die NHKA, sou daar gestel wees dat die “Kommissie van die 70e AKV lidmate bedank wat met toewyding kerk is daar waar hulle lewe, kerkwerk op plaaslike vlak met toewyding afhandel en die gesamentlike aktiwiteite van die kerk ook ondersteun met die heffingsgelde”.

Die gebruik om heffingsgelde “sinodale offergawes” te noem, onderstreep verder dat gemeentes nie as kerk verstaan word nie en dat net die aktiwiteite van “hoofkantoor” kerkwerk impliseer. Teen hierdie agtergrond sal daar waarskynlik eersdaags van gemeentes verwag word om skuldbriewe te teken om die voortgang van die sinodale aktiwiteite te verseker.

BERIGTE

- Daar was in die afgelope weke weer verskeie insidente waar NHKA ampsdraers GHG lidmate en gemeentes beswadder en van onwettige optrede beskuldig. Die saak sal in fyner detail deur ons regspan hanteer word.

Intussen moet lidmate kennis neem dat “Hervormd” en “Hervormde” nóg as handelsmerk registreer is, nóg as eiendom van die NHKA geregistreer is. Lidmate kan met groot vrymoedigheid na hulself en hul gemeente as Hervormd verwys. Ons is immers die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes. Ons sien onself immers as die ware voortsetting van die Voortrekkerkerk. U word versoek om enige korrespondensie en dreigemente rakende hierdie saak vir dr Otto aan te stuur. J.otto@telkomsa.net

- Die Dorkas van Premiermyn Hervormde gemeente het hulle jaarlikse Makwas byeenkoms aangebied op 10 Junie 2016. By hierdie geleentheid onthaal hulle al die emeriti, hulle gades, en emeritus weduwees. Die geleentheid is goed bygewoon en die emeriti het heerlik gekuier en geëet. Die byeenkoms is vernoem na wyle ds. Makwas van Niekerk.

- Prof Pont het 'n operasie op sy stembande ondergaan en sterk tans aan. Mev Pont herstel genadiglik na haar skielike siekte. Ons bid hulle alle beterskap toe.

- Die laaste datum vir die inhandig van beskrywingspunte vir die Bondsvergadering is 26 Junie 2016.

• BONDSVERGADERING 2016

Geagte Kerkraad,

Ontvang hiermee die nodige inligting en reëlings in verband met die Bondsvergadering 2016. U word vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.

PLEK: Gemeente Grootvlei.

TYD: Sondag 4 September 2016

Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R230 per afgevaardigde. Gelde moet betaal word in die rekening van die Geloofsbond.

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

• **LEWENSBROOD 2017**

Aandag alle Geloofsbond predikante: Die indeling vir oordenkings vir 2017 is uitgestuur. Maak seker u het u e-pos ontvang. Administrasie beamptes word versoek om te verseker dat emeriti ook hulle werksafbakening kry.

• **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloos en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmeakaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. U het nog twee weke geleentheid om u blokke in te stuur.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com.

• Indien u graag wil help om die kwilt aanmekaar te sit, kontak vir Yvette Otto by 072 223 7522.

KENNISGEWINGS

Advertensies

• Die jaarlikse Musina Kremetart Fees vind plaas op Saterdag 25 Junie 2016. Die groot trekpleister is die optrede deur Elvis Blue. Dit vind plaas op die Musina skougronde. Belangstellendes skakel ds. Eddie Eckard 015 534 2519 of 082 958 9095.

<http://heyevent.co.za/venue/jks4q5esoj54oa>

• Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

• Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

• Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

• **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.c

